| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | JUNIE 2024 |
| **ONDERWERP** | BESIGHEIDSTUDIES |
| **PAPIER** | 2 |
| **PUNTE TOTAAL** | 150 |
| **DUUR (URE)** | 2 |
| **AANTAL BLADSYE** | 10 |

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord:

1. Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE** afdelings en dek die volgende **TWEE** onderwerpe: **BESIGHEIDSONDERNEMINGS** en **BESIGHEIDSROLLE**.

   **AFDELING A**: AL die vrae in hierdie afdeling is **VERPLIGTEND**.
   **AFDELING B**: Bestaan uit **DRIE** vrae. Een vraag per onderwerp en 'n kombinasievraag wat beide onderwerpe dek.
   **Beantwoord enige TWEE vrae.**
   **AFDELING C**: Bestaan uit **TWEE** vrae, een uit elke onderwerp.
   **Beantwoord slegs EEN vraag.**

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem kennis van die vereistes.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Alle antwoorde moet in volsinne wees behalwe waar ander instruksies gegee word.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder om punte- en tydtoekenning te rig wanneer elke vraag beantwoord word.

| AFDELING | | VRAAG | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|---|
| **A** | Meervoudige keuse, voltooi die stelling en pas vrae. **VERPLIGTE** | 1 | 30 | 30 |
| **B** | Drie direkte/indirekte vrae **KEUSE**: Beantwoord enige **TWEE** | 2 – 4 | 2 x 40 (80) | 2 x 30 (60) |
| **C** | Twee opsteltipe vrae **KEUSE**: Beantwoord enige **EEN** | 5 – 6 | 40 | 30 |
| **TOTAAL** | | | **150** | **120** |

7. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

8. Skryf netjies en leesbaar met slegs **BLOU** ink.

## AFDELING A: VERPLIGTEND

### VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die nommer van die vraag (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.11 B.

1.1.1 Hierdie vorm van eienaarskap gee 'n … aan die publiek om kapitaal in te samel.

A prospektus
B deel
C dividend
D skuldbrief

1.1.2 Die praktyk om 'n wye verskeidenheid mense in te sluit wat moontlik gemarginaliseer of uitgesluit is van die werkplek.

A Menseregte
B Inklusiwiteit
C Regstellende aksie
D BBSEB

1.1.3 Die leierskapsteorie wat volgelinge aanmoedig om onmiddellike verandering in die werkplek te aanvaar.

A Situasioneel
B Leiers en volgelinge
C Transformasie
D Eienskap

1.1.4 'n Versameling beleggingsopsies wat deur 'n fondsbestuurder bestuur word om 'n spesifieke opbrengs te behaal:

A Waagkapitaal
B Skuldbriewe
C Effektetrusts
D Stokvel

1.1.5 'n Beduidende voordeel van spanwerk is dat dit ...

A bereik groter uitset deur sinergie.
B is tydrowend en duur.
C vereis tegnologie vir sukses.
D moedig individualisme aan.

1.1.6 Die aanbieding van twee stelle verkoopsyfers, getoon as 'n reeks van reghoeke, staan bekend as 'n ...

A lyngrafiek.
B staafgrafiek.
C tafel.
D diagram.

1.1.7 Besighede het die verantwoordelikheid om die omgewing te beskerm deur...

A nie aan omgewingswetgewing te voldoen nie.
B lugbesoedeling maksimeer.
C die storting van giftige afval in riviere en damme.
D herwinningsprogramme volhou.

1.1.8 Die konsep onbeperkte aanspreeklikheid beteken dat die ...

A eienaars se bates beskerm word indien die besigheid insolvent raak.
B eienaars kan hul bates verloor as die besigheid insolvent raak.
C eienaars kan nie meer verloor as wat hulle in die besigheid belê het nie, indien die besigheid insolvent raak.
D eienaars is nie geregtig om in die wins van die besigheid te deel nie.

1.1.9 'n Aanbieder moet die volgende in gedagte hou wanneer daar op vrae gereageer word uit die gehoor:

A Gee hulle 'n gelyke geleentheid om hom/haar te ondervra
B Pamflette uitdeel
C Om beslissend met moeilike lede om te gaan
D Toepassing van die nodige visuele hulpmiddels in verbale aanbiedings

1.1.10 Met die ... metode word rente verdien op die oorspronklike bedrag wat belê is:

A Enkel rente
B saamgestelde rente
C gemeenskaplike rente
D enkelvoudige rente

(10x2) (20)

1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) hieronder gelys te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| bestuurders; openbare maatskappye; gedwonge kombinasie; armoede; gestremdheid; leë stoel; waardigheid, maatskappye in staatsbesit; leiers; partydigheid |

1.2.1 In die hantering van … as 'n diversiteitskwessie, verskaf werkgewers gratis uniform aan werknemers vir veiligheid.

1.2.2 Die ... is verantwoordelik om te verseker dat gestelde prestasieteikens in 'n besigheid bereik word.

1.2.3 ESKOM en Transnet is voorbeelde van … aangesien hulle onder die departement van Openbare Ondernemings val.

1.2.4 Die ... probleemoplossingstegniek stel werknemers in staat om buite die boks te dink.

1.2.5 Besighede moet alle werknemers met … behandel, ongeag hul sosio-ekonomiese status.

(5x1) (5)

1.3 Kies die beskrywing uit KOLOM B wat by die term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – J) langs die nommer van die vraag (1.3.1 - 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.6 K .

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Presteer stadium | A | Beter oplossings word ontwikkel deur kollektiewe bydraes. |
| 1.3.2 | Professionalisme | B | Onenigheid tussen twee of meer werknemers in die werkplek. |
| 1.3.3 | Akte van Oprigting (AvO) | C | Op te tree op maniere wat ooreenstem met wat die samelewing en individue dink goeie waardes in die werkplek is. |
| 1.3.4 | Grief | D | Spanlede is bewus van die strategieë en doelwitte van die span. |
| 1.3.5 | Dinkskrum | E | Stel die regte, verantwoordelikhede en pligte van aandeelhouers en direkteure uiteen. |
| | | F | Standaarde wat die samelewing het van mense se gedrag en vlakke van bevoegdheid in die werkplek. |
| | | G | Dit maak dit maklik om idees te genereer en verbeter geheue. |
| | | H | Wanneer 'n werknemer 'n klagte in die werkplek het. |
| | | I | Bevat volledige bepalings oor die sake rakende die besigheid en die vennote. |
| | | J | Spanlede het die ambisie om te werk vir die sukses van die span. |

(5x1) (5)

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

**VRAAG 2: BESIGHEIDSONDERNEMINGS**

2.1 Noem VIER versekerbare risiko's. (4)

2.2 Identifiseer die vorm van belegging wat deur Jason in ELKE stelling hieronder gekies is:

2.2.1 Jason het 50% van sy erfporsie by 'n finansiële instelling belê waar die koers en tydperk vooraf bepaal is.

2.2.2 Hy het die ander 50% by 'n instelling belê waar daar geen koste of kommissie betaalbaar is nie. (4)

2.3 Onderskei tussen versekering en assuransie. (4)

2.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**KINDERKLERE-ONTWERPERS (KKO)**

Kinderklere-ontwerpers wil die kwaliteit van hul produkte verbeter. Die bestuur van KKO gee bevele deur voorbeeld en beloning van positiewe gedrag. Hulle verseker ook dat spertye op kort kennisgewing nagekom word. KKO is bewus van die rol van persoonlike houding in suksesvolle leierskap.

2.4.1 Identifiseer die leierskapteorie en leierskapstyl wat deur KKO toegepas word. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (6)

Gebruik die tabel hieronder as 'n GIDS om VRAAG 2.4.1 te beantwoord.

| LEIERSKAPTEORIE/STYL | MOTIVERING |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |

2.4.2 Bespreek die rol van persoonlike houding in suksesvolle leierskap. (6)

2.5 Verduidelik die impak van videokonferensies as 'n soort visuele hulpmiddel. (6)

2.6 Bespreek die situasies waarin die Laissez-faire-leierskapstyl in die werkplek toegepas kan word. (4)

2.7 Beveel toekomstige verbeterings aan aanbieders aan, op grond van terugvoer van aanbiedings. (6)

**[40]**

## VRAAG 3: BESIGHEIDSROLLE

3.1 Noem VIER komponente van korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid (KMV). (4)

3.2 Identifiseer die tipe onetiese sakepraktyk van toepassing op Samwell Furniture in ELKE stelling hieronder:

3.2.1 Samwell Furniture verkoop tweedehandse meubels as nuwe goedere.

3.2.2 Hulle maak net van kontantverkope gebruik om te verhoed dat hulle al hul inkomste verklaar. (4)

3.3 Verduidelik die impak van korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid (KMV) op besighede. (6)

3.4 Bespreek die voordele van diversiteit in die werkplek. (6)

3.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **ETIKETONTWERPERS EN -VERVAARDIGERS (EOV)** |
|---|
| Etiketontwerpers en -vervaardigers diens al die masjinerie wat in die fabriek gebruik word, op 'n gereelde basis. Alhoewel die werknemers na hul gesondheid en veiligheid in die fabriek omsien, verskaf EOV steeds beskermende klere vir alle werknemers. |

3.5.1 Haal TWEE rolle van gesondheids- en veiligheidsverteenwoordigers om die werkplekomgewing te beskerm vanuit die scenario hierbo aan. (2)

3.5.2 Adviseer EOV oor die verantwoordelikhede van werkgewers in die bevordering van menslike gesondheid en veiligheid in die werkplek. (4)

3.6 Bespreek die misbruik van werktyd as 'n onetiese sakepraktyk. (6)

3.7 Stel maniere voor waarop besighede die volgende moeilike persoonlikhede in die werkplek kan hanteer.

3.7.1 Klaer (4)

3.7.2 Kenner (4)

**[40]**

## VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE

### SAKE ONDERNEMINGS

4.1 Noem TWEE voorbeelde van verpligte versekering (2)

4.2 Lig die voordele van 'n nie-winsgewende maatskappy uit. (4)

4.3 Verduidelik die funksies van die Johannesburgse Sekuriteitebeurs (JSE). (6)

4.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TACHE WEGNEEMETES (TWE)**

Tache Wegneemetes het van hul bates en waardevolle besittings weens 'n brandontploffing verloor. TWE restaurant is gewaardeer op R1 000 000, maar was verseker vir R600 000 by All ForSure. Die geskatte skade is R160 000..

Bereken die bedrag wat TWE as vergoeding van die versekeraar sal ontvang. Toon ALLE berekeninge. (4)

4.5 Stel maniere voor waarop die outokratiese leierskapstyl in die werkplek toegepas kan word. (4)

### BESIGHEIDSROLLE

4.6 Noem enige VIER ekonomiese regte van werknemers in die werkplek. (4)

4.7 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**SJOKOLADE VERRASSING (SV)**

Sjokolade Verrassing wil sy produkreeks uitbrei. Die bestuur het al die ondersteunende en opponerende idees oorweeg. SV het ook 'n paar kundiges in die veld gekontak vir advies.

4.7.1 Identifiseer die TWEE probleemoplossingstegnieke wat SV gebruik. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (6)

4.8 Verduidelik hoe besighede aanspreeklikheid as 'n King-kode-beginsel vir goeie korporatiewe bestuur kan toepas. (4)

4.9 Beveel maniere aan waarop besighede kulturele regte in die werkplek kan bevorder. (6)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: [80]**

## AFDELING C

Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

**VRAAG 5: BESIGHEIDSONDERNEMINGS (VORME VAN EIENAARSKAP EN BELEGGING: SEKURITEITE)**

Die kriteria vir die sukses of mislukking van privaat maatskappye is meer aantreklik as dié van openbare maatskappye. Baie privaat maatskappye skakel oor na openbare maatskappye wanneer hulle 'n kapitaalverhoging nodig het. Sommige besighede oorweeg sekere faktore voordat hulle enige beleggingsbesluite neem.

Skryf 'n opstel oor vorme van eienaarskap en belegging: sekuriteite waarin jy die volgende aspekte insluit:

- Lig die voordele van 'n privaat maatskappy uit.
- Verduidelik hoe die volgende kriteria kan bydra tot die sukses en/of mislukking van 'n privaat maatskappy:
  - Bestuur
  - Kapitaal
- Bespreek VIER faktore wat in ag geneem moet word wanneer 'n beleggingsbesluit geneem word.
- Adviseer besighede oor die impak van aandele (gewone aandele) as 'n vorm van belegging. **[40]**

**VRAAG 6: BESIGHEIDSROLLE (KREATIEWE DENKE EN PROBLEEMOPLOSSING)**

Sommige besighede moet seker wees wanneer hulle 'n besluit neem of 'n probleem oplos. Wanneer kreatiwiteit intree, bring dit verskeie voordele vir besighede mee. Die Delphi-tegniek word beskou as een van die mees effektiewe probleemoplossingstegnieke deur die tyd.

Skryf 'n opstel oor kreatiewe denke en probleemoplossingstegnieke waarin jy die volgende aspekte aanspreek:

- Lig die verskil tussen besluitneming en probleemoplossing uit.
- Verduidelik die voordele van kreatiewe denke in die werkplek.
- Bespreek die impak van die Delphi-tegniek op besighede.
- Stel maniere voor waarop besighede 'n omgewing kan skep wat kreatiewe denke bevorder. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: [40]**

**GROOT TOTAAL: [150]**

© SACAI KOPIEREG

Einde van dokument